# Die ‘meesters’ druk hul stempel af



**Koos Fourie se monochroom foto “Tatoo man”.**

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging het onlangs sy maandelikse kluboggend onder Corona-virus protokol reëls gehou. Die maandtema was ***Tegnologie***.

Daar was verskeie voorbeelde van tegnologie te sien (modern en ouer), maar die senior (4, 5 Ster en hoër) het behoort aan Jan Jacobs met “Silicon valley” en die junior-wenner (1-3 Ster) was Neville Hein se “1900 Swaaringenieurswese”.

In die ope-afdeling waar fotograwe enige foto mag vertoon was PSSA President, Francois Roux se “Good catch” nie net die senior wenfoto nie, maar ook die algehele wenfoto van die dag. Die junior wenfoto was Rosie de Jager se “Whispering wishes”. Rosie is ook onlangs as die PSSA se junior wenner in die klubkompetisie aangewys. In hierdie kompetisie neem junior fotograwe van regoor Suid- Afrika deel. In die monochroom-afdeling was klubvoorsitter Koos Fourie die senior-wenner met “Tatoo man”. Die junior wenfoto was Mauritz Faling (2 Ster) se “Tussen die bome”.

In die kreatiewe-afdeling was Jan Jacobs (Meester Brons-fotograaf) se “She came in my dreams” die senior-wenfoto. Die junior-wenfoto was nuwe lid, Pierre Fourie (1 Ster) se “Windpomp”. Die aanlyn-wenfoto was Renée Storme se “In training 2”.

Die klub kom onder normale omstandighede maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit, maar vergader tans by die Kliprivier Estate in Vereeniging tot volgende jaar.

Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30. Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za



**Rosie de Jager se “Whispering wishes”.**




**Neville Hein se “1900 Swaaringenieurswese”.**



**Francois Roux se “Good catch” was nie net die senior wenfoto nie, maar ook die algehele wenfoto.**



**Mauritz Faling (2 Ster) se “Tussen die bome”.**



**Jan Jacobs (Meester Brons-fotograaf) se “She came in my dreams”.**